

‘Ek is MIV-positief’

Onderhoud met Cecelia Kruger (foto) deur Aneleh Fourie-le Roux

‘**T**oe ek al die verskillende simptome hoor, het ek onmiddellik geweet dat ek dit het, dat ek vigs het.’ So begin Cecelia Kruger haar getuienis oor MIV in haar lewe.

Dis ’n koue Sondagaand in die Helderberg-gemeente, maar die kerk is gepak met lidmate, want dit is die afskop van die Pinksterreeks. En op hierdie dag kies Cecelia om die stigma wat aan MIV kleef in die oë te kyk en haarself bloot te stel voor ons almal as sy vir die gemeente vertel: “Ek is MIV-positief.”

Terwyl ons predikant, Paul Barnard, die gesprek lei, vertel Cecelia hoe sy by die werk tydens ’n MIV- en vigsinligtingsessie met ’n skok besef het dat die simptome waarna verwys word, juis die simptome was wat sy self die voorafgaande paar maande beleef het. Kort daarna word haar vermoede bevestig deur ’n MIV-toets wat positief terugkom.

Dit was in 2001 toe sy hierdie ontdekking gemaak het en haar lewe tot stilstand geruk is. Ná ’n tyd van baie vrae en worstel met God, die vrese en aftakeling wat gepaardgaan met toenemende simptome en die nuwe-effekte van anti-retrovirale medikasie, kan hierdie vrou egter steeds die wêreld in die oë kyk. Sy bring die eer aan God wat haar deur hierdie tyd gedra het. Sy sê dat sy tans nader aan God is. Dis haar verhouding met Hom en die ondersteuning van vriende en familie wat haar bemoedig en deur elke dag dra.

Ná haar getuienis gaan sy terug na die kerkbank toe en skuif tussen twee bekendes in. “Jy het darem ondersteuning gehad tydens die erediens?” sê-vra ek na die tyd. “Ja,” glimlag sy, “almal was daar: vriendinne uit my vorige gemeente het uit Bellville gekom, vriende uit my omgegroepe, my Pa en Ma, my susters en ook my seun.”

Witmense se persepsies

Intussen het Cecelia voortgegaan met haar besluit om spesifiek witmense se persepsies oor MIV te help verander. Sy het haar getuienis ook by die NGK La Rochelle gelewer en in ’n onderhoud met Connette Hamman van *Lig* meer oor haar lewe met MIV vertel.

Sy sê dat dit haar ’n hele paar jaar geneem het voordat sy op hierdie punt gekom het waar sy met vrymoedigheid oor haar positiewe MIV-status kon praat. Sy was baie lank eenvoudig té bang om dit aan mense bekend te maak. Gevolglik het sy jare lank die geheim net met haar familie en ’n goeie vriendin gedeel.

Eers in 2005, ná sielkundige en pastorale berading, het Cecelia so ver gekom om vir haar selgroepe te vertel



dat sy MIV-positief is. Sy vertel: “Sommige was baie geskok, maar ander het dadelik gewys hulle gee om en het my ondersteun.”

Cecelia bly moedig en het altyd ’n glimlag, ten spyte van moeilike omstandighede. Sy moes reeds in 2006 anti-retrovirale medikasie begin gebruik. Dit is ’n kombinasie van medisyne wat gebruik word om die vermeerdering van die virus in ’n mens se liggaam te onderdruk. Hierdie medikasie word tipies eers begin wanneer ’n mens se eie immuunstelsel nie meer sterk genoeg is om jou teen infeksies en siektes te beskerm nie. Dit beteken reeds al ’n keerpunt in die lewe van ’n MIV-positiewe persoon.

Eks-man betaal nie onderhoud

Cecelia se liggaam het egter moeilik aangepas by hierdie medikasie. Die nuwe-effekte was by tye vir haar só erg dat sy eenvoudig saans in die bed moes klim net nadat sy dit geneem het. Vandag gaan dit darem al beter, maar die noodsaaklikheid om ’n mens se gesondheid op te pas, sal altyd krities bly.

Cecelia sou baie dinge in haar lewe kon lys wat moeilik is en selfs ook as onregverdig beskou kan word. Maar sy doen dit nie. ’n Mens vind byna terloops uit dat sy siek is, dat haar eks-man nie meer onderhoud kan betaal nie, dat sy nooit naweke van diens af is nie, dat sy baie hard werk en dat sy ook droom en hunker daarna om weer ’n maat te hê.

Wat ’n mens wel sien, is ’n vrou wat besluit het haar omstandighede sal haar nie onderkry nie, iemand wat glo dat MIV nie ’n doodsvonnis is nie; wat die noodsaaklikheid van ondersteuning besef en terselfdertyd ook bereid is om ondersteuning te gee; iemand wat bereid is om haarself bloot te stel en broos te maak voor ander in die hoop dat sy ’n verskil kan maak.

Artikel is verwerk uit ’n vorige publikasie wat in 2007 in *Interaksie* gepubliseer is. Nuwe bronne: Hamman, Connette. ‘Survivors van MIV/vigs’. *Lig*. Des 2007/Jan 2008 (Deel 73, nr 1).